

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: 12533/98

DATUM: 2.10.98

In die saak van:

MICHIEL JOSIAS DE KOCK NO

Applikant

teen

**DIE DEPARTEMENTSHOOF VAN DIE
ONDERWYSDEPARTEMENT, PROVINSIE WES-KAAP**

1^{ste} Respondent

DIE BEHEERLIGGAAM, HOËRSKOOLOVERBERG

2^{de} Respondent

**DIE MINISTER VAN ONDERWYS VAN DIE PROVINSIE WES-
KAAP**

3^{de} Respondent

UITSPRAAK

GRIESEL, R

Die applikant is die vader van 'n sewentienjarige leerder aan die Hoërskool Overberg te Caledon, na wie ek hierin sal verwys as Floris. Die eerste respondent is die departementshoof van die Onderwysdepartement van die Provinsie Wes-Kaap, wat in daardie hoedanigheid in hierdie verrigtinge aangespreek word. Die tweede respondent is die beheerliggaam van die voormelde skool, terwyl derde respondent die Minister van Onderwys van die Provinsie is.

Die huidige aansoek spruit voort uit 'n dissiplinêre ondersoek teen Floris wat op 30 Julie 1998 daarop uitgeloop het dat die Beheerliggaam 'n aanbeveling aan die eerste respondent gemaak het dat Floris uit die gemelde skool gesit word op grond van beweerde ernstige wangedrag te wete besit van dagga op die skoolterrein. Daardie aanbeveling is op 25 Augustus 1998 deur die eerste respondent bekragtig.

Die regshulp wat aanvanklik deur die applikant gevorder is, was vir 'n tussentydse interdik dat eerste en tweede respondente aangesê word om Floris met onmiddellike effek her toe te laat as 'n Graad 9 leerling aan die betrokke skool,

hangende die finale beregting van 'n hersieningsaansoek wat gebring sou word ten einde die besluite geneem deur die eerste en tweede respondente tersyde te stel.

Aangesien daar egter in die stukke voor my, sowel as in die onderskeie advokate se betoogshoofde volledig met die meriete van die hersieningsaansoek self gehandel is en die hersieningsaansoek dus ryp vir verhoor was, het ek na raadpleging van – en met die goedkeuring van die onderskeie partye – gelas dat die hersieningsaansoek self voor my beredeneer word.

Die agtergrond feite wat tot die huidige aansoek leiding gegee het, was kortliks die volgende: Op 16 Julie 1998 het die skoolhoof van die bogenoemde skool Mnr Edwards, en die onderhoof Mnr Bester 'n plastiek banksakkie met 'n tabakagtige stof daarin op die skoolterrein van die skool in Floris se besit gevind. Die vermoede was dat dit dagga was.

Floris en sy ouers is gevolglik ooreenkomstig artikel 2 van Provinsiale Kennisgewing PK.372/97 gedateer 31 Oktober 1997 in kennis gestel dat hulle moes verskyn voor die Beheerliggaam in verband met “'n klag wat by die plaaslike polisie aanhangig gemaak is teen u seun weens besit van dagga op Donderdag, 16 Julie 1998 om 13:00 te Hoërskool Overberg”.

Die vergadering waartydens Floris deur die Beheerliggaam verhoor is op hierdie aanklag het uiteindelik plaasgevind op 30 Julie 1998. Floris was by die verrigtinge bygestaan deur sy vader, die huidige applikant, sowel as 'n prokureur. Die getuienis wat voor die Beheerliggaam geplaas is, het bestaan uit 'n skriftelike verklaring deur Edwards wat mondeling deur homself sowel as Bester voor die Beheerliggaam bevestig is, vrae van en antwoorde deur Edwards, mondelinge getuienis deur Floris omtrent sy weergawe van die gebeure op 16 Julie 1998, sowel as vrae aan en antwoorde deur hom.

Na afloop van die verrigtinge het die Beheerliggaam die saak “indringend bespreek” en tot die gevolgtrekking gekom dat Floris wel die betrokke dag gedurende skoolure dagga op die skoolterrein in sy besit gehad het.

Die Beheerliggaam het verder bevind dat Floris “nie ‘n geloofwaardige getuie is nie” en dat die skoolhoof en die adjunk hoof “korrek tot die bevrediging van die Beheerliggaam” opgetree het. Die lede van die Beheerliggaam het daarna per geslote stembrief eenparig gestem ten gunste van permanente uitsetting van Floris uit die betrokke skool. ‘n Afskrif van die notule van die betrokke vergadering van die Beheerliggaam tesame met sekere verdere dokumentasie is op 5 Augustus 1998 aan die eerste respondent versend. ‘n Verslag rondom die betrokke aangeleentheid is daarna deur ‘n senior administratiewe beampte in diens van die Provinsie voorberei en aan sekere senior amptenare insluitende die eerste respondent voorgelê. Die finale paragraaf daarvan lees soos volg:

In die lig van die voorafgaande en die feit dat ‘n regverdig verhoor toegestaan is, word die aangeleentheid aan u vir ‘n beslissing voorgelê met die aanbeveling dat Floris uit Hoërskool Overberg gesit moet word.

Hierdie aanbeveling is deur die gemelde senior amptenare, insluitende die eerste respondent aanvaar en onderteken op 25 Augustus. In die aansoek om hersiening word die gemelde besluite van die Beheerliggaam en die eerste respondent deur die applikant aangeveg op ‘n verskeidenheid van gronde.

Lywige stukke insluitende argumentshoofde is namens al die betrokke partye, met uitsluiting van die minister, wat in die Hof se uitspraak berus, geliasseer. Dit is nie moontlik of nodig om met al die verskillende hersieningsgronde en die partye se standpunte daaromtrent te handel nie. In die lig van die dringendheid van die aangeleentheid vir die party sal ek volstaan deur slegs kortliks my vernaamste redes te verstrek vir die gevolgtrekking waartoe ek gekom het.

Wat die eerste stadium van die administratiewe proses te wete die verrigtinge voor die Beheerliggaam aanbetref, moet dit vermeld word dat beide die skoolhoof, Mnr Edwards, sowel as die adjunk hoof, Mnr Bester, lede was van die Beheerliggaam wat aan die beraadslaging en besluitneming van daardie liggaam deelgeneem het. Dit het geskied nadat beide van hulle vir Floris met die beweerde dagga in sy besit betrap het en hom met daardie besit gekonfronteer het; albei van hulle voor die Beheerliggaam getuie afgelê het en deur Floris se prokureur

gekruisvra is, en die hoof self aktief deelgeneem het aan die kruisondervraging van Floris voor die gemelde liggaam.

In hierdie omstandighede was ek *prima facie* van oordeel dat 'n growwe onreëlmatigheid plaasgevind het deurdat die gemelde persone tegelykertyd die rolle van getuie, aanklaer sowel as regter vervul het en het hierdie sienswyse aan die advokate oorgedra.

Mnr Gerber, wat namens die Beheerliggaam voor my verskyn het, het egter betoog dat hierdie feite nie tot 'n growwe onreëlmatigheid of 'n regskenning aanleiding gegee het nie en het ter ondersteuning hiervan op die volgende aspekte gewys:

- (1) Die skoolhoof sowel as die adjunk hoof het geen belang gehad by die betrokke aangeleentheid nie, derhalwe kan dit nie gesê word dat hulle 'n regter in hulle "eie" saak was nie.
- (2) Hulle was nie die enigste lede van die betrokke tribunaal nie; en
- (3) Daar is geen beswaar deur die applikant se prokureur gemaak teen die aanwesigheid van die skoolhoof en adjunk hoof tydens die verhoor nie, en
- (4) Floris het nie daarin geslaag om te bewys dat hy deur die gemelde onreëlmatigheid benadeel is nie, aangesien die getuienis teen hom in ieder geval oorweldigend was.

Ek was glad nie deur hierdie betoog oortuig nie. Artikel 9(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, nommer 84 van 1996, bepaal soos volg:

"Behoudens hierdie wet en enige ander toepaslike provinsiale wet, kan die Beheerliggaam van 'n openbare skool na 'n regverdige verhoor 'n leerder skors van bywoning van die skool.

...

- (b) in afwagting van 'n beslissing deur die departementshoof of die leerder uit die skool gesit moet word" (my beklemtoning).

Een van die kardinale vereistes vir enige regverdigde verhoor was nog altyd dat die voorsittende beampte of tribunaal onpartydig moet wees. Die Romeine het hierdie fundamentele waarheid verwoord in die regspreuk *nemo iudex in sua causa*. BAXTER: ADMINISTRATIVE LAW sê die volgende onder die opskrif "Prejudice" te 564:

"The most obvious form of prejudice is that which arises when someone is both prosecutor and judge in the same case. A century ago KOTZE, CJ described this as contrary to every principle of fairness and justice."

Die onderhawige geval is na my mening *a fortiori* nog sterker as die voorbeeld gegee deur BAXTER, want in die huidige saak was die skoolhoof nie alleen aanklaer en regter nie, maar ook die vernaamste getuie namens die vervolging. Hy het aktief deelgeneem aan die ondervraging van Floris en was daarna lid van die tribunaal wat tot die gevolgtrekking gekom het en die bevindings gemaak het waarna ek reeds verwys het, en wat insluit dat Floris nie 'n geloofwaardige getuie was nie.

In *S v RADEBE* 1973(1) SA 796 (A) het die Appèlhof die volgende gesê te 812:

"Die algemene beginsel in die Romeins-Hollandse Reg is duidelik en bevat die grondreël dat niemand in sy eie saak regter kan wees nie. Uit die geskrifte van die skrywers en sekere wetgewende bepalings blyk dit dat by die toepassing van hierdie grondreël 'n regter by die beoordeling van 'n saak uitgesluit word wanneer nie alleen eie belang maar ook 'n neiging of gesindheid ten opsigte van een van die partye hom anders sou kon laat oordeel as wat die onpartydigheid eis, sodat daar rede bestaan, niteenstaande die regter se eie voorneme, om vir partydigheid aan sy kant te vrees."

In *DAIRY BOARD v IMPERIAL COLD STORAGE AND SUPPLY COMPANY* 1977 SA 659 (A) het dieselfde hof beslis dat hierdie selfde benadering ook geld in die geval van 'n statutêre liggaam – in daardie geval het die Melkraad. Dit gaan dus nie oor die bestaan al dan nie van werklike vooroordeel aan die kant van lede van die tribunaal nie, maar, soos die Hof dit stel, te 669 B dit gaan oor –

“... die uiterlike beeld van onpartydigheid en onbevooroordeeldheid”

Die toets is wat 'n “regmatige toehoorder” sou gedink het indien hy of sy geweet het dat die skoolhoof en die adjunk hoof hierdie veelvuldigheid van funksies in die Beheerliggaam se proses sou vervul. In die Engelse Reg word soos volg gestel in die bekende uitspraak –

“It is not merely of some importance but it is of fundamental importance that justice should not only be done but should manifestly and undoubtedly be seen to be done.”

Tot dieselfde effek is *WIECHERS, ADMINISTRATIEFREG* op 242.

Dit gaan dus nie oor die werklike vooroordeel aan die kant van die tribunaal of enige lid daarvan nie – en niks in hierdie uitspraak moet ook gesien word as 'n bevinding of 'n suggestie dat enige lid van die betrokke Beheerliggaam inderdaad bevooroordeeld was nie.

Wat betref Mnr Gerber se betoog oor die beweerde afwesigheid van benadeling aan die kant van Floris, is die saak van *MÖNNICH AND OTHERS v COUNCIL OF REVIEW AND OTHERS* 1989(4) SA 866 (K) myns insiens volledig in punt. In daardie saak het 'n Volbank van hierdie afdeling die volgende gesê te 882 G – H:

“Although the presence or suspicion of bias has in the past been treated as an irregularity which could be overlooked, if there was proved to have been no prejudice to the aggrieved party, the tendency at present is to regard it as a

vitiating failure of natural justice, the result of which is that what took place before the adjudicator is not so much a defective hearing as no hearing at all.”

In aansluiting by die voorgaande, blyk dit in ieder geval uit die Prosedure Handleiding wat deur die Onderwysdepartement opgestel is met verwysing na skorsing en uitsetting van leerders uit openbare skole, dat die volgende As vereiste gestel word by hierdie tipe verrigtinge:

“Die Beheerliggaam moet reël dat enige lid van die skoolpersoneel wat gemoeid was met die wangedrag by die ondersoek teenwoordig moet wees om toeligting te gee. Sodanige persoon is slegs teenwoordig vir gemelde doeleindes en verlaat die vergadering sodra die toeligting sessie verby is” (my beklemtoning).

Mnr Gerber het betoog dat hierdie vereiste nie op die skoolhoof en adjunk hoof toegepas behoort te word nie, aangesien hulle nie slegs lede van die skoolpersoneel was wat gemoeid was met die beweerde wangedrag nie, maar ook lede van die betrokke Beheerliggaam was. Hy betoog dus dat ‘n kwalifikasie of uitsondering in die betrokke bepaling in gelees moet word. Ek kan nie met hierdie betoog saamstem nie. Na my mening is hulle lidmaatskap van die Beheerliggaam eerder ‘n verdere rede waarom die skoolhoof en adjunk hoof die betrokke vergadering moes verlaat het na hulle onderskeie toeligtingsessies. Ek kan geen rede vind om die kwalifikasies, soos deur Mnr Gerber betoog, in die betrokke bepaling in te lees nie en bevind dus dat die Beheerliggaam nie hulle eie handleiding in hierdie opsig nagekom het nie.

In al die omstandighede kom ek tot die gevolgtrekking dat ‘n growwe onreëlmatigheid tydens die verrigtinge voor die Beheerliggaam plaasgevind het deurdat die skoolhoof en die adjunk hoof nie alleen getuies by die betrokke tribunaal was nie, maar ook lede daarvan was, wat aktief aan die beraadslagingsproses deelgeneem het.

In hierdie omstandighede kan dit na my oordeel nie gesê word dat die betrokke leerder 'n regverdige verhoor voor die Beheerliggaam gehad het nie, soos vereis deur Artikel 9 van die Wet.

In die lig van hierdie gevolgtrekking is dit streng gesproke oorbodig om verder te verwys na die besluit van die eerste respondent. Dit was naamlik gemene saka tydens argument voor my dat indien die proses voor die Beheerliggaam deur onreëlmatigheid aangetas was, dit dan outomaties sou volg dat die eerste respondent nie 'n behoorlike besluit kon neem nie, aangesien hy nie self die getuienis aangehoor of beoordeel het nie. Artikel 9(1)(b) van die Wet waarna ek reeds verwys het, maak dit duidelik dat die eerste respondent nie slegs 'n rubberstempel vir die Beheerliggaam is nie, maar dat die beslissing oor die vraag of die leerder uit die skool gesit moet word al dan nie inderdaad by hom berus.

Regulasie 3(3) van die Provinsiale Kennisgewing waarna ek reeds verwys het, sit die dokumente uiteen wat aan die eerste respondent voorgelê moet word ten einde hom in staat te stel om sy besluit te neem. Dit sluit in

- (a) 'n Volledige verslag van die omstandighede wat tot die besluit aanleiding gegee het.
- (b) Die notule van die vergadering waartydens die besluit geneem is, en
- (c) Enige skriftelike verhoër van die leerder/ouers/vertegenwoordiger.

Vir huidige doeleindes kan slegs stilgestaan word by die vereiste dat die notule van die vergadering aan die eerste respondent voorgelê moet word. Uit die oorkonde voor my blyk dit dat die notule wat voor die eerste respondent geplaas is, slegs 'n uiteensetting bevat van die aanwesige lede van die Beheerliggaam tesame met 'n chronologiese uiteensetting van die verskillende stadia van die proses in hooftrekke, sonder om enigsins te verwys na die inhoud van die getuienis en betoë wat voor die Beheerliggaam gelewer is.

Die Prosedure Handleiding van die Provinsie, waarna ek reeds voorheen verwys het, bepaal in hierdie verband soos volg:

“Genoegsame getuienis, hetsy mondeling of skriftelik, wat in die notule opgeneem moet word, moet voorgelê word om die Beheerliggaam van die wangedrag van die leerder te oortuig.”

Hierdie bepaling vereis myns insiens nie dat dar ‘n *verbatim* rekord van die verrigtinge gehou hoef te word nie. Een of ander vorm van notulering is egter wel nodig ten einde die eerste respondent in ‘n posisie te plaas om te oordeel “of die leerder uit die skool gesit moet word” al dan nie. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak in *SCHOULTZ v PERSONEEL ADVIESKOMITEE VAN DIE MUNISIPALE RAAD VAN GEORGE* 1983 (4) SA 689 (k) TE 715 B TOT 718 A waarin die vereiste van ‘n notule in ‘n proses soos die huidige indringend bespreek is deur BAKER, R in hierdie afdeling.

In die huidige geval voldoen die notule klaarblyklik nie aan hierdie basiese vereiste nie. Afgesien van die vraag of daar wel genoegsame getuienis voor die Beheerliggaam geplaas was al dan nie, is dit duidelik dat geen sodanige getuienis, behalwe die skoolhoof se skriftelike verklaring, in die notule opgeneem is nie.

Dit staan dus soos ‘n paal bo water dat die eerste respondent nooit in ‘n posisie kon gewees het om op die feite ‘n oorwoë mening te vorm oor die vraag of die betrokke leerling uit die skool gesit behoort te word al dan nie.

Mnr Du Plessis, wat namens eerste respondent verskyn het, het dan ook heel tereg toegegee dat hy nie in hierdie omstandighede kon betoog dat eerste respondent se beslissing bekragtig kan word nie. Dit volg derhalwe, na my oordeel, dat die beslissing van beide die eerste respondent en die Beheerliggaam tersyde gestel behoort te word.

In die lig van hierdie gevolgtrekking volg dit myns insiens verder dat niks die betrokke leerder verhoed om weereens tot die betrokke skool toegelaat te word nie. Ten einde enige moontlike twyfel of latere dispuut hieromtrent te vermy, is dit myns

insiens egter wenslik om 'n bevel toe te staan min of meer ooreenkomstig die bepalings van bede 7 van die Kennisgewing van Mosie.

In die omstandighede word die volgende bevel hierin toegestaan:

- (1) Dit word verklaar dat die besluite geneem deur eerste respondent op 25 Augustus 1998 en tweede respondent op 30 Julie 1998 onderskeidelik om Floris Johannes de Kock uit te sit en te skors as leerling van die Hoërskool Overberg onreëlmatig was en dat dit tersyde gestel word.
- (2) Dit word gelas dat gemelde Floris Johannes de Kock as 'n St 7 (Graad 9) leerling van Hoërskool Overberg ingeskryf en aanvaar mag word.
- (3) Eerste en tweede respondente word gelas om die applikant se koste gesamentlik en afsonderlik te betaal.

Ek wil ten slotte enkele opmerkings van die rekord af teenoor die partye maak – en in hierdie verband het ek spesifiek die applikant en die Beheerliggaam in gedagte. Die feit dat hierdie aansoek in die guns van die applikant beslis is, beteken geensins dat hierdie Hof die *bona fides* van die Beheerliggaam of enige lede daarvan in twyfel trek nie.

Die hof is terdeë bewus daarvan en het groot waardering vir die feit dat die werk van die Beheerliggaam grotendeels deur vrywilligers gedoen word in die belang van die skool en die breër gemeenskap. Die oorgrote meerderheid van hulle is leke op die gebied van geregtelike prosedures, daarom word dit nie deur die Hof verwag dat hulle dissiplinêre verrigtinge met dieselfde mate van nougesette formaliteite gehou sal word nie as wat in 'n geregshof die geval is nie. Daar word slegs verwag – en deur die Wet 'n verpligting op hulle geplaas – om te verseker dat 'n regverdige verhoor gehou word.

Ek wil terselfdertyd ook daarop wys dat die feit dat hierdie aansoek in die guns van die applikant beslis is, geensins beteken dat die Hof van mening is dat die

betrokke leerling onskuldig is aan enige wangedrag nie. Hierdie vraag het glad nie in die huidige verrigtinge voor my ter sprake gekom nie, aangesien die Hof in hierdie aansoek slegs met die prosedure van die verrigtinge gemoeid was en nie met die meriete van die aanklag nie.

Die Beheerliggaam is gevolglik ten volle by magte om opnuut dissiplinêre stappe teen die betrokke leerder aanhangig te maak nie slegs op die klagte wat die onderwerp van die huidige aansoek gevorm het nie, maar ook ten opsigte van enige verdere klagtes wat hulle mag goed dink om teen hom in te bring. Hierdie reg het die Beheerliggaam in ieder geval en dit is nie vir hierdie Hof nodig om die aangeleentheid formeel na hulle terug te verwys nie.

Ek wil egter die hoop uitspreek dat dit nie nodig sal wees om verdere verrigtinge hierin te loods nie. Ek vertrou dat die partye en hulle onderskeie regsverteenwoordigers in staat sal wees om in die lig van hierdie uitspraak tot 'n onderhandelde skikking te kan kom wat verdere dissiplinêre stappe onnodig sal maak.

.....

GRIESEL R